## JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016

# KWALITEITSBEHEER

Jan van der Wath

In my betrokkenheid by die SA Boerperd Telersgenootskap, het ek sedert 1976 (met die uitsondering van 2 jaar) op die SA Boerperd Raad as Raadslid, sowel as president van die Raad gedien. Dit was voorwaar vir my ’n besondere voorreg om so lank betrokke te kon wees by die groei en bestuur van die perderas van ’n ontwikkelende ras, tot volwaardig ontwikkelde perderas vandag.

Deur die jare, was dit duidelik hoe die ras en die prosesse d.m.v. keuring, opleiding van keurders, sowel as keuringsprosesse konstant gegroei het. As dit nie daarvoor was nie, kon ons ras nie die standaard van vandag bereik het nie. Daarom wil ek graag vir Jannie Jacobsz (huidige portefeulje: Keurings), sowel as sy talle voorgangers geluk wens met die wyse waarop die proses verloop en tot gevolg het dat die ras konstant verbeter. Tydens die jaarlikse keurdersvergadering vir opleiding plaas wat tot gevolg het dat keurders alle perde onder dieselfde kam skeer en dus ’n konstante standaard kan handhaaf.

Gedurende die afgelope 2 jaar, was ek ook bevoorreg om nou saam met ons huidige president, Frikkie Combrink te kon werk. In ons skakelings, was dit vir my duidelik dat hy die take aan die Raad opgedra deur die AJV ernstig opneem en gereeld met Raadslede opvolg om seker te maak dat daar nie iets agterweë bly nie. Onder sy leiding, was ek getuie daarvan dat die Raad nie ondeurdagte besluite neem nie en dat die vooruitgang van die ras voortdurend hoog op prys gestel word.

Verder was ek getuie van Heleen Pope se harde werk. Meer onlangs was dit haar taak om skoue glad te laat verloop en daar bestaan nie twyfel dat sy dit met groot opofferings baie suksesvol gedoen het nie. Dit is nie maklik om al die lede van ’n groeiende ras met veranderende behoeftes altyd tevrede te hou nie. Daar is altyd weerstand teen verandering en ek as ouer lid, moes ook uiteindelik saamstem dat ’n mens nie kan vashou aan die verlede nie. Baie dankie ook aan Me. Pope vir haar bydraes in die verlede t.o.v. van die professionele samestelling van dokumente en die jaarlikse uitwerk en nagaan van merieteaansoeke.

Onder Mnr. Jan Joubert se bekwame leiding, kon die genootskap wel finansiële resesse oorleef. Sy vermoë om strategies te dink, saam met sy betrokkenheid by SANESA en die SAEF is waarlik merkwaardig.

In die portefeulje Reklame & Bemarking, het Petro Grové my dikwels geskakel oom Raad te gee, sowel as die inhoud van artikels na te gaan. Ek deel dit graag, en dra dan ook graag by tot die argief wat sy op die been gebring het. Dit is ook vir my ’n riem onder die hart om te sien hoe lief ons jeug vir ons ras is.

Dit was vir my ’n voorreg om die grootste deel van my lewe te kon betrokke wes by die KZN SA Boerperd Klub, al was ek die laaste jare ’n Hoëvelder. My wens is dat alle klub-lede hulle persoonlike agendas opsy sal skuif en sal fokus op die sake wat die beste is vir ons kosbare ras.

Met my uittrede vanjaar, wil ek dit graag duidelik stel dat ek nie die genootskap verlaat nie, maar bereid is om steeds op die dieselfde wyse betrokke te wees – die keer in ’n nie-amptelike hoedanigheid. Dit is tyd dat ons nou die jonger geslag vertou om die toekoms op die basis wat in die verlede gelê is, voort te bou. Dit is duidelik die Raad veral gedurende die afgelope vier jaar met ’n positiewe gesindheid saam werk en hulle dit ten doel stel om net hulle beste vir die ras en die genootskap te lewer.

Lank lewe die SA Boerperd.

***Jan van der Wath***
RAADSLID: Kwaliteitsbeheer